## *Eenheid in My Liefde deur Nalize Roets*

25 Junie 2017 - Hoofstuk 4

1. Suiwer is die trane van My Bloeisel, wat vloei oor die swakheid van My Volk. Elke druppel trane met My weerkaatsing daarin was skoon en reinig die naaste van bloedbevlekte hande. Al die dade van goddeloosheid word uitgewis deur die vergewende, ontfermende, barmhartige hande van My nuwe Adam. Ek hernu die aarde waarin Adam sy lot uitleef tot My eer. Amein.

2. Sonder krag en hulpeloos is die roepe van die ootmoedige wanneer uit eie krag geroep word, maar vervul met die Krag wat My uitspansel laat lewe, is die vermoëns van My Lelie wat My Water in haar tot Krag omvorm het. Amein.

3. Behoeftig is alle lewe, want sonder My Krag is daar geen lewe meer nie. Ek verorden daarom My Krag in die Liefde van My Gees, Miriam, om elke een te vul wat tot suiwerheid gelouter is. Amein.

4. Die loutering van die gelowige kan vele vorms aanneem, maar omdat Ek getrou is in My werk, sal die loutering nie uitbly totdat die siel wat dit verlang vlekkeloos voor My staan nie. Amein.

5. Waarheid lê in die oë, mond en hande van die gelouterde en het die waarde van nederigheid in daardie siel. Sonder nederigheid is Waarheid dus onbereikbaar. In nederigheid word volmaakte Liefde volvoer en daarom is Ek al hierdie eienskappe en daardie siel dan verenig met My. Amein.

6. Waar soek jy in jouself na die onsuiwerheid wat jou bevlek? Hoe groei jy tot volwassenheid op My Heilige Berg? Amein.

7. Waar Ek is, is die verterende vuur van Liefde met jou. Die vuur verlig jou weë, bring alles in die ope, verteer die kaf en laat jou weerloos staan om jou liefde te ontbloot. Slegs volmaak ontwikkelde liefde sal sigbaar bly om te verenig met My Vlam van Lig. Amein.

8. Soos wat Ek reeds gespreek het in hierdie Nuwe Bybel sal onvergewensgesindheid jou laat wegkwyn in hierdie vuur. Al wat van

jou sal oorbly is 'n dun draadjie waarna julle verwys as die 'draadjie van lewe wat nog nie geknip is nie'. So 'n lewe is ver van die ware lewe wat in die hart skuil wat met My verenig. Amein.

9. Ek roep elke Lot om as enigste getroue sy lewe neer te lê en My in Ware Liefde, dus Waarheid en getrouheid, te volg na die nuwe land van uitredding en suiwerheid. Moenie omkyk nie, is My opdrag, soos van ouds, sodat jou hart nie beswaard raak met herinneringe, wrokke, bekommernis en laste nie. Ek het My engele aangaande jou opdrag gegee om jou te versorg in al die behoeftes van jou siel. Wees net nougeset afhanklik van My leiding en suiwer in geloof en erns, sodat die gereddes saam met jou, nie jou kroon van jou ontneem, soos met My Lot van ouds nie. Wees sterk in My. Amein.

10. Benouenis blyk die daaglikse brood van My heiliges te wees, maar uit die hemele beskou is dít die versterkende manna waarvoor die volk gebid het en daagliks as 'n reën ontvang het. Die een se manna het net soos die ander s'n daaruit gesien, maar die voedingswaarde en belewing daarvan was uniek aan die siel wat dit ontvang het. Waarom was die manna net genoeg versamel vir elke gesin se behoefte en nie ook op die Sabbat nie?

11. My Manna is die siel se boublokke en is nie in oorvloed nodig nie. Die siel word dus met elke beproewing, hoe gering of groot ookal, gevoed tot die bepaalde groei vir daardie dag. So onderhou Ek die siel ook in hierdie tyd. Amein.

12. Die Sabbat waarop manna van die vorige dae genuttig moes word, is die dae waarop van eie planne gerus word en die siel steeds verstaan hoe om die voeding in te span vir groei van die siel. Indien die siel nie die manna vir die gebruik versamel het nie, sal die Sabbat ook geen groei inhou nie. Amein.

13. Wedergeboorte is die nuwe Skepping waarin Ek My siele wil versamel tot redding van alle bestaan. Plaas daarom My hand op jou heup en roep My met jou hele hart aan tot suiwering van jou niere, jou voete en oë, dat jy My waardige bruid kan wees wat 'n Apartgestelde nageslag sal verseker. Amein.

14. Wandel in die beproewing, asof Ek voor jou die treë uitmeet, dan

sal My Gees jou skerm wees teen die hardheid van die elemente om jou. Amein.

15. Jy hoef nie verder te kyk of meer raak te sien as My gefolterde liggaam wat voor jou uitloop nie. Amein.

16. Bly moedig, My Lelie, want vir elke gebrokenheid is daar hemelse voeding, 'n geleentheid om 'n skoner Beeld van My te word en die belofte dat Ek jou sal tegemoet kom. Amein.

17. Waarheidsgetrou aan die wette van die Nuwe Bybel, wat maar slegs die Woorde is van oordeel in My Ligsfeer wat julle oorsprong is, sal elke las gedra word tot Ek dit ophef deur jou vereniging met My Liefde. Amein.

18. Jou ywer en bereidwilligheid tot vergifnis, vryspraak en die vergeet van die verlede se dade van ontug en liefdeloosheid is jou pas-aangeër tot jou laaste dag. Die dag van Verlossing van bande van die dood wat jou omring, lê daarom opgesluit in jou liefde vir jou naaste wat een sal word met My Liefde vir hulle. Amein.

19. Ondersoek jou hart sonder rus om al die dooie dele lewe te gee deur My Liefdeskrag van vergifnis en eenheid. Amein.

20. Ek sal julle tegemoet kom deur die dooie kolle uit te wys, die krag tot Lewe te bewerk en aan elkeen tyd te gee om die vernuwing te doen. Die wil hiertoe lê opgesluit in jou ywer. Maak haastig gereed vir My bruilof. Amein.